Hierdie uiteenlopende neigings noodsaak 'n versigtige vertolking vir die doel van konjunktuur-diagnose. Wanneer dit met die koerse van toename gedurende die eerste drie kwartale van 1974 vergelyk word, was die koerse van toename van sommige van die bogenoemde reekse in 1975 betekenisvol laer en ook laer as hul langtermyn-groei-koerse. In hierdie geval kan 'n algemene konjunktuurroepswaai nie gediagnoseer word nie. Dit wil eerder voorkom asof die skerp afname in die vierde kwartaal van 1974 gestuit is en dat 'n matige groei-koers gedurende die eerste nege maande van 1975 gehandhaaf is, alhoewel teen 'n opmerklik laer peil as dié vir die voorafgaande jaar. Die ondersteuning van die groei het hoofsaaklik voortgespruit uit die skerp styging van die lopende besteding van die algemene regering vanaf die vierde kwartaal van 1974, wat nie slegs 'n regstreekse invloed op produksiebedrywigheid in sekere sektore van die ekonomie gehad het nie, al was dit slegs na 'n kort tydsloering, maar ook gelei het tot 'n aansienlike styging in die hoeveelheid geld en kwasi-geld. Laasgenoemde mag op sy beurt weer ekonomiese bedrywigheid aangehelp en gestimuleer het.

Die bogenoemde neigings toon dat alhoewel die Suid-Afrikaanse volkshuishouding tot die derde kwartaal van 1975 nog in 'n afwaartse fase van die konjunkturgolf was, hierdie toestand beskryf kan word as 'n

Konjunkturaanwysers



verlamsaming in ekonomiese bedrywigheid na 'n vlak wat betekenisvol laer is as die langtermynpotensiaal van die ekonomie.


In die bygaande grafiek word die persentasiekoers van verandering in nywerheidsproduksie vanaf die boonste verwysingsdraaipunte van die jongste en voorafgaande konjunkturgolwe vir 'n aantal lande getoon. Die matigheid van die verlamsaming in ekonomiese bedrywigheid in Suid-Afrika is duidelik wanneer groeikoerse in Suid-Afrika vergelyk word met die negatiewe of baie lae groeikoerse wat gedurende die afgelope twee jaar in die buiteland aangeteken is. Hierdie resessionere neigings in die ekonomie van Suid-Afrika se vernaamste handelsvennote het tot die laer ekonomiese groeikoerse wat gedurende 1975 in Suid-Afrika verwag word, bygedra, en die herstel na 'n hoër peil van ekonomiese bedrywigheid in Suid-Afrika sal van die sterkte en tydsbepaling van die ekonomiese opswaai in die Verenigde State van Amerika, Wes-Europa en Japan afhang. Dit wil voorkom asof 'n onderste draaipunt van die konjunktuur in die Verenigde State gedurende die tweede kwartaal van 1975 bereik is, en dat gunstige tekens van 'n verbetering in ekonomiese toestande in Japan ook begin te blyk, maar dat resesietoestande nog steeds in die ekonomie van die vernaamste Europese lande heers.

Arbeidstoestand

Die betreklik lae groeikoerse in binnelandse ekonomiese bedrywigheid gedurende die eerste drie kwartale van 1975 het meegebring dat arbeidstoestande betreklik ruim gebly het. Werkverskaffing in die nie-landbou-sektore van die volkshuishouding het in die eerste helfte van 1975 met slegs 1,8 persent gestyg, vergeleke met die ooreenstemmende tydperk van die vorige jaar, teenoor 'n toename van 2,8 persent in 1974. Dit is betekenisvol om daarop te let dat die indiensneming van die Suid-Afrikaanse Spoorweë in die eerste agt maande van 1975 en dié van die res van die openbare owerhede tot die tweede kwartaal van 1975 (die jongste beskikbare syfers) voortgegaan het om teen 'n hoër koers toe te neem. Verdere aanduidings van die ruimer arbeidstoestande word verskaf deur die skerp toename in die seisoensangeseuwerde aantal werklose Blankes, Kleurlinge en Asiërs in September en Oktober 1975, nadat dit in Julie en Augustus effens afgeneem het. Nadat dit in Augustus 1974 'n laagtepunt van 7 150 bereik het, het die seisoensangeseuwerde aantal werkloses na 11 108 in Oktober 1975 gestyg. Dit verteenwoordig ongeveer 'n ½ persent van die vergelykbare arbeidsmag en is steeds laag volgens Suid-Afrikaanse standaarde en onbeduidend in vergelyking met die werkloosheidskoerse wat tans deur ons handelsvennote ondervind word. Die aanpassing van arbeid by die laer groeikoerse in ekonomiese bedrywigheid was derhalwe eerder in die vorm van 'n afname in die aantal ure gewerk en 'n afname in oortyd as in die vorm van 'n vermindering in werkverskaffing. Soos aangedui in die tabel, het ure gewerk deur produksiewerke asook oortyd as 'n persentasie van gewone ure gewerk in fabriekswese en konstruksie afgeneem tot en met die eerste kwartaal, maar het in die tweede kwartaal affens toegeneem sonder om die hoër vlakke wat voorheen behaal is, te bereik.

Konjunktuurvergelings -

Veranderings in nywerheidsproduksie vanaf boonste verwysingsdraaipunte gedurende die jongste en voorafgaande golwe



Persentasiekoers van verandering in ure gewerk en oortyd as 'n persentasie van gewone ure

Kwartaal	Fabriekswese		Konstruksie	
	Ure gewerk deur produksiewerkers	Oortyd as % van gewone ure	Ure gewerk deur produksiewerkers	Oortyd as % van gewone ure
1974:				
1e kw.	1,9	0,8	3,2	1,8
2e kw.	1,1	1,7	1,7	0,9
3e kw.	0,4	-0,8	2,5	2,6
4e kw.	-2,5	-1,7	-4,4	-0,9
1975:				
1e kw.	-1,4	-3,4	0,1	-10,3
2e kw.	2,4	3,5	2,6	6,7

Die veruiming van die arbeidstoestand in die algemeen en die afname in oortyd gewerk in fabriekswese het 'n voordelige invloed op produktiwiteit in hierdie sektor van die ekonomie gehad. Produksie per manuur in fabriekswese was nie minder nie as 2,4 persent hoër gedurende die eerste agt maande van 1975 vergeleke met die ooreenstemmende tydperk in 1974, teenoor 'n styging van slags 1,1 persent in 1974 as 'n geheel.



Voortgesette hoë inflasiekoers

Soos in die meeste ander Westerse lande, bly die onaanvaarbaar hoë koers van inflasie een van die mees dringende ekonomiese probleme wat Suid-Afrika in die gesig staar. Afgesien van die groot aantal nadelige gevolge van inflasie, is dit 'n saak van die grootste belang vir Suid-Afrika om die inflasiekoers tot 'n laer vlak as dié van sy belangrikste handelsvennote te verminder, aangesien sy toekomstige groei in 'n groot mate afhang van sy vermoë om op internasionale markte wat sowel sy primêre as nywerheidsprodukte betref, mee te ding. Die nadelige gevolge van 'n hoë inflasiekoers word ten volle beseef deur sowel die openbare owerhede as die private sektor, en die opregte voorneme van alle betrokke partye om die hoë inflasiekoers te beteuel en te verminder word omvat in die *Manifest van vaste verbintenisse deur die regering en die belanghebbende private sektor organisasies van die Republiek van Suid-Afrika aangegaan ten einde 'n gesamentlike veldtog teen inflasie van stapel te stuur*, wat op 7 Oktober 1975 deur die betrokke partye in Pretoria onderteken is.

Verbruikerspryse

Nadat dit tot en met die derde kwartaal van 1974 skerp gestyg het, het die koers van toename in verbruikerspryse gedurende die daaropvolgende vier kwartale merkbaar verlangsamer. In die derde kwartaal van 1974 het verbruikerspryse teen 'n seisoensaangesuiwerde jaar-koers van 18,2 persent gestyg, maar hierdie koers het algemeen na 13,8 persent in die vierde kwartaal van 1974 en die eerste kwartaal van 1975, tot 12,4 persent in die tweede kwartaal en tot 11,9 persent in die derde kwartaal van 1975. Die devaluasie van die rand in September en die styging in olie pryse in Oktober sal ongelukkig hierdie dalende neiging teenwerk.

Pryse



Die jaar-koers van toename van 11,9 persent in verbruikerspryse gedurende die derde kwartaal van 1975 was die netto resultaat van hoër toenames in die pryse van dienste, soos huiseienaarskoste, as gevolg van stygings in munisipale heffings en belastinge en vervoerkoste. Sover dit goedere aangaan, het die pryse van motors vanaf die vierde kwartaal van 1974 'n stygende neiging getoon, en voedselpryse, wat vanaf Februarie tot Mei 1975 feitlik onveranderd gebly het, het in die daaropvolgende vyf maande gestyg, hoofsaaklik as gevolg van 'n skerp toename in pryse van melk en melkprodukte, graanprodukte, vette, olies en margarien en groente.

Vanaf Desember 1974 tot Oktober 1975 het die seisoensaangesuiwerde verbruikersprysindeks teen 'n jaar-koers van 11,7 persent gestyg, wat aansienlik minder is as die styging van 14,0 persent vanaf Desember 1973 tot Desember 1974.

Groothandelspryse

Na 'n merkbare daling vanaf 'n seisoensaangesuiwerde jaar-koers van toename van 26,3 persent in die derde kwartaal van 1974 tot 9,4 persent in die tweede kwartaal van 1975, het die koers van toename in groothandelspryse skerp tot 19,1 persent in die derde kwartaal van 1975 versnel. Hierdie versnelling is veroorsaak deur

hoër koerse van toename in die pryse van sowel Suid-Afrikaans-vervaardigde goedere as ingevoerde goedere, Suid-Afrikaans-vervaardigde goedere wat belangrike bydraë tot die prysstyging gedurende die derde kwartaal gelewer het, was minerale, elektrisiteit, gas en water, vervaardigde basiese metale en metaalprodukte, nie-elektriese masjinerie, vervoertoerusting en voedsel.

Soms in die geval van verbruikerspryse, het groot-handelspryse gedurende die eerste nege maande van 1975 teen 'n aansienlik laer koers as gedurende 1974 gestyg. Vanaf Desember 1974 tot September 1975, het die seisoensargesuiverde groothandelsprysindeks teen 'n jaarakoers van 15,5 persent gestyg, vergeleke met 'n styging van 19,4 persent tussen Desember 1973 en Desember 1974.

Betalingsbalans

Ondanks die afkoeling van die Suid-Afrikaanse volkshuishouding en die betreklik traie binnelandse vraag sedert die derde kwartaal van 1974, het die tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans tot die derde kwartaal van 1975 aangehou om progressief toe te neem. Alhoewel so 'n styging in die tekort op lopende rekening gedurende die vroeë fase van die afswaai in ekonomiese bedrywigheid in ooreenstemming met die tradisionele sikliese patroon is, was hierdie tekort groter en het vir 'n langer tydperk as in vorige afwaartse fases voortgeduur. 'n Aantal onderling afhanklike eksogene faktore het hierdie buitengewone verswakking van die betalingsbalans van Suid-Afrika meegebring, naamlik:

1) die langdurige en onverwags strawwe resessie wat deur Suid-Afrika se belangrikste handelsvennote ondervind is, terwyl die Suid-Afrikaanse volkshuishouding terselfdertyd aangehou het om te groei teen 'n koers wat, alhoewel matig volgens Suid-Afrikaanse standaarde, nogtans die groeikoerse van sy handelsvennote oortref het; 2) 'n afname in die volume van wêreldhandel; 3) 'n afname in kommoditeitspryse en die prys van goud op internasionale markte; 4) die styging in die prys van olie; en 5) die algemeen hoë inflasiekoerse wat oorse geheers het. Daarbenewens het die Suid-Afrikaanse uitgaue op verdedigingsoerusting, wat gedeeltelik ingevoer word, aansienlik gestyg.

Afgesien van hierdie nadelige verwickelings op die lopende rekening van die betalingsbalans, moes die owerhede ook van tyd tot tyd spekulatiewe buitelandse kapitaalbewegings die hoof bied. As gevolg van verwagtings ten opsigte van maontlike veranderings in die wisselkoers van die rand en veranderings in rentekoersverskille, het vervroegings in betalings vir invoere en vertraging in die oorbetalings van uitvoeropbrengste sowel as ander spekulatiewe korttermynkapitaalbewegings, van tyd tot tyd voorgekom. Onder hierdie omstandighede was die netto invoering van kapitaal, hoofsaaklik in die vorm van langtermynlenings aan die private en openbare sektore, nie voldoende om die tekort op die lopende rekening te finansier nie en die owerhede moes op kompenserende amptelike lenings terugval om die buitelandse reserwes te beskerm.

Afgesien van die groter amptelike lenings, het hierdie nadelige verwickelings op sowel die lopende as kapitaal-rekening van die betalingsbalans die owerhede verplig om verskeie stappe te doen om die betalingsbalans-toestand te verbeter. Hierdie maatreëls het ingesluit die beëindiging op 27 Junie van die wisselkoersbeleid van onafhanklik beheerde swewing gevolg deur belangrike veranderings in valutabeheerregulasies en die reëlings ten opsigte van valutatermyndeckking. In Augustus is aanpassings ook aan die monetêre beleid gemaak, wat 'n styging in die Bankkoers vanaf 8 tot 8½ persent en 'n verhoging van die likwiede barevereistes van die bankinstellings ingesluit het.

Voordat hierdie maatreëls hulle volle uitwerking kon hê, het die ekonomiese toestand in twee basiese opsigte verander. In die eerste plek het dit duidelik geword dat die internasionale resessie ernstiger en van 'n langer duur is as wat verwag is. Die herstel in die Verenigde State kom nog nie algemeen voor nie en in die meeste ander lande is amptelike vooruitskattings van ekonomiese bedrywigheid en reële groei redelik skerp afwaarts hersien. In die tweede plek, soos alreeds genoem, het die prys van goud gedurende September skerp gedaal. Daarbenewens, as gevolg van hierdie twee verwickelings, het die ongunstige vervroegings en vertraging weer voorgekom.

Die behoefte het derhalwe ontstaan na die instelling van maatreëls wat 'n oormatige skerp afname in reële ekonomiese groei kon voorkom en wat die betalingsbalans sou verstewig. Die toepassing van strawwe deflasionistiese maatreëls sou die risiko geloop het om die reële ekonomiese groeikoers oormatig te verlaag en die bestaande verlangsaming in ekonomiese bedrywigheid te vererger. Dit is duidelik dat die probleem ook nie opgelos kon word deur voortdurend op amptelike korttermynlenings, wat bowendien steeds verder sou moes toeneem, staat te maak nie. Onder hierdie omstandighede en na versigtige oërweging van die voor- en nadele van verskeie alternatiewe maatreëls, is besluit om die rand op 22 September 1975 met 17,9 persent te devalueer. By die besluit oor die omvang van die devaluasie, het die owerhede die behoefte in aanmerking geneem om 'n geloofwaardige nuwe rand-dollarkoers vas te stel en om ook vir die moontlikheid van 'n verstewiging in die dollar en/of 'n verdere tydelike afname in die prys van goud toe te laat.

Lopende rekening van die betalingsbalans

R miljoen

	Seisoensinvloed nie uitgeskakel nie	Seisoensinvloed uitgeskakel jaarkoers
1974: 1e kwartaal	-63	-91
2e kwartaal	-103	-812
3e kwartaal	-310	-1 342
4e kwartaal	-394	-1 235
1975: 1e kwartaal	-346	-1 518
2e kwartaal	-457	-1 901
3e kwartaal	-371	-1 936

Alhoewel dit nog te vroeg is om die uitwerking van die devaluasie te bepaal, is daar aanduidings dat die devaluasie daarin geslaag het om die ongunstige verhogings en verdragings in buitelandse betalings en ontvangste om te keer. Die devaluasie behoort ook onmiddellik 'n gunstige uitwerking op uitvoer- en goudmyninkomste tot gevolg te hê, met die gepaardgaande gunstige sekondêre uitwerking op die binnelandse ekonomiese bedrywigheid. Mettertyd behoort dit ook die normale siklusse kragte te ondersteun om die lopende rekening van die betalingsbalans te verbeter. Soos reeds aangedui, sal die vernaamste nadelige uitwerking van hierdie beleidsmaatregel die verhoogde druk wees wat dit op die algemene prysspeil sal uitoefen.

Volgehoue tekort op lopende rekening


Uit die bygaande tabel is dit duidelik dat die lopende rekening van die betalingsbalans regeur 1974 en die eerste drie kwartale van 1975 voortdurend verswak het. Dit word verwag dat die tekort vir die kalenderjaar 1975 ongeveer twee keer so groot as dié in 1974 sal wees.

Die verdere effense verswakking van die tekort op die lopende rekening op 'n seisoensangesuiwerde basis gedurende die derde kwartaal was hoofsaaklik aan 'n aansienlike styging in goedere-invoere en 'n geringe verdere daling in goedere-uitvoere toe te skryf. Hierdie verswakking is gedeeltelik geneutraliseer deur 'n daling in die netto onsigbare betalings aan die res van die wêreld. Die netto goudproduksie het in vergelyking met die tweede kwartaal gedurende die derde kwartaal min verandering getoon.


Goedere-invoere het vanaf 'n seisoensangesuiwerde jaarkoers van R 6 360 miljoen in die tweede kwartaal tot R6 768 miljoen in die derde kwartaal van 1975 toegeneem. Alhoewel verdere prysstygings van ingevoerde goedere gedeeltelik vir hierdie toename verantwoordelik was, het die volume van invoere in die derde kwartaal ook toegeneem nadat dit gedurende die voorafgaande drie kwartale redelik skerp afgeneem het. Dit kan in 'n sekere mate aan 'n verhoging in invoere in afwagting op 'n devaluasie van die rand toegeskryf word. Dit word bevestig deur die maandelikse handelsyfers van die Departement van Doene en Aksyns, wat toon dat die waarde sowel as die volume van goedere-invoere gedurende Oktober aansienlik gedaal het. Die meeste groepe van goedere-invoere het gedurende die derde kwartaal toenames getoon, terwyl die invoer van basiese metale, insluitende staal, aansienlik afgeneem het. In besonder het die invoer van mineraalprodukte gedurende die derde kwartaal van 1975 skerp gestyg.

Vir die tweede opeenvolgende kwartaal het die waarde van goedere-uitvoere gedaal, naamlik vanaf 'n seisoensangesuiwerde jaarkoers van R3 303 miljoen in die tweede kwartaal van 1975 tot R3 281 miljoen in die derde kwartaal. Hierdie klein afname was in bykans al die belangrikste groepe uitgevoerde goedere merkbaar en was hoofsaaklik te wyte aan die terneergedrukte toestand van die wêrelddekkonomie. Ten spyte van 'n styging in die internasionale wolkprys, het die uitvoer van tekstiele skerp afgeneem en die uitvoer van akkerbouprodukte het ook gedaal, maar 'n styging in die

Lopende rekening van die betalingsbalans



Saldo op lopende rekening



uitvoer van mineraalprodukte is gedurende die derde kwartaal aangestrem. Volgens die maandelikse yfers van die Departement van Doene en Aksyns, het die waarde van goedere-uitvoere, hoofsaaklik weens die hoër rand-opbrengs ná die devaluasie van die rand, gedurende Oktober aansienlik toegeneem.

Nadat dit ononderbroke vir amper tien opeenvolgende kwartale gestyg het, het netto onsigbare betalings aan die res van die wêreld vanaf 'n seisoensangesuiwerde jaarkoers van R1 280 miljoen in die tweede kwartaal tot R949 miljoen in die derde kwartaal gedaal. Alhoewel ontvangste vir dienste en netto oordragte vanaf

buitelanders tot hierdie daling bygedra het, is dit hoofsaaklik meegebring deur 'n skerp afname in betalings vir dienste aan buitelanders, veral in die vorm van laer dividendbetalings. Die afname in dividendbetalings aan die res van die wêreld is deur die skerp styging in koste en die daling in die goudprys veroorsaak. Die laer dividendbetalings het die aansienlike toename in rentebetalings aan buitelanders meer as geneutraliseer.

Die netto goudproduksie het slegs effens vanaf 'n seisoensaangesuiwerde jaarsyfer van R2 436 miljoen in die tweede kwartaal tot R2 500 miljoen in die derde kwartaal van 1975 toegeneem, ondanks die daling in die gemiddelde dollarprys op die private mark en slegs 'n klein toename in die volume van goudproduksie. Die feit dat die netto goudproduksie op hierdie betreklik hoë vlak gebly het, was toe te skryf aan die depresiasie van 4,76 persent van die rand in terme van die dollar wat op 27 Junie 1975 aangekondig is en wat die ontvangste in rand van die goudmyne gedurende die derde kwartaal verhoog het.

Aansienlike netto invloeiing van buitelandse kapitaal

Sous die bygaande tabel toon, het die kapitaalrekening van die betalingsbalans aangehou om 'n groot netto invloeiing gedurende die eerste drie kwartale van 1975 te toon. Gedurende die tweede en derde kwartale van 1975 het die sentrale regering en banksektor bykans 50 persent van die netto invloeiing van buitelandse kapitaal bygedra, terwyl geen netto invloeiing na hierdie sektor gedurende die voorafgaande ses maande aangeteken is nie. Die aansienlike netto invloeiing van kapitaal na die sentrale regering en banksektor gedurende die afgelope ses maande, het hoofsaaklik bestaan uit 'n netto invloeiing van korttermynkapitaal wat die gevolg was van kompenseerende amptelike lenings deur die Reserwebank en die Tesourie aangegaan ten einde spekulatiewe uitvloeiing van korttermynkapitaal teen te werk.

'n Skerp daling is gedurende die afgelope ses maande in die netto invloeiing van kapitaal na die private sektor aangeteken, hoofsaaklik weens 'n daling in die invloeiing van private korttermynkapitaal. Aan die ander kant het die invloeiing van langtermynkapitaal na die private sektor aansienlik toegeneem. Net soos gedurende die

voorafgaande ses maande, was hierdie groot netto invloeiing van langtermynkapitaal na die private sektor hoofsaaklik in die vorm van buitelandse lenings deur openbare korporasies, terwyl registreerde belegging vanaf die buiteland onbeduidend was. In teenstelling met die voorafgaande ses maande het vervoerings en vertraging in buitelandse betalings en ontvangste gedurende die tweede en weer gedurende die derde kwartaal van 1975 voorgekom, en was hoofsaaklik vir die skerp afname in die invloeiing van buitelandse korttermynkapitaal na die private sektor verantwoordelik.

Skerp toename in die goud- en ander buitelandse reserwes

Na voorsiening vir waardasie-aansuiwings, het die reserwes gedurende die derde kwartaal met R143 miljoen tot 'n vlak van R1 070 miljoen aan die einde van September toegeneem. Op 'n netto basis, d.w.s. na die aftrekking van die buitelandse korttermynlaste van die Reserwebank en die res van die banksektor, het die goud- en ander buitelandse reserwes gedurende die derde kwartaal met R107 miljoen gedaal. Die goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank het gedurende Oktober verder met R39 miljoen gestyg tot 'n vlak van R972 miljoen aan die einde van die maand.

Netto invloeiing van buitelandse kapitaal

R miljoene

	1975			
	1974	1e kw.	2e kw.	3e kw.
Private sektor	632	359	235	257
Langtermyn	591	136	207	174
Korttermyn	433	173	146	-25
Foute en onaangetekende transaksies	-392	50	-118	108
Sentrale regering en banksektor	143	-4	237	222
Langtermyn	137	32	108	-8
Korttermyn	6	-36	129	231
Totale kapitaalbewegings (netto invloeiing +)	775	355	472	479

Monetêre en banktoestand

Geld en kwasi-geld

Nadat dit vanaf 15 persent gedurende die eerste kwartaal van die jaar tot minder as 8 persent gedurende die tweede kwartaal gedaal het, het die jaarcoers van toename in die seisoensaangesuiwerde geld- en kwasi-geldvoorraad gedurende die derde kwartaal weer skerp tot ietwat minder as 21 persent gestyg. Vir die eerste nege maande van 1975 het die jaarlikse koers van toename gevolglik ietwat meer as 14 persent beloop. 'n Ongewoon groot styging in die eng gedefinieerde geldvoorraad gedurende September het ook 'n opvallende vermindering meegebring van die verskil tussen die groeiakoers in die geldhoeveelheid in vergelyking met dié van die geld- en kwasi-geldhoeveelheid, wat gedurende die eerste agt maande van die jaar bestaan het. Die jaarcoers van toename van die eng gedefinieerde geldvoorraad gedurende die eerste drie kwartale van 1975 het ongeveer 10 persent bedra.

Die verhouding van geld en kwasi-geld tot die bruto binnelandse produk, albei seisoensaangesuiwerd, wat vanaf 30,1 persent gedurende die vierde kwartaal van 1974 tot 31,7 persent gedurende die eerste kwartaal van 1975 gestyg het, het gedurende die tweede kwartaal tot 30,6 persent gedaal en daarna gedurende die derde kwartaal byna onveranderd gebly.

Oorsake van veranderinge

Die patroon van die oorsake van veranderinge in geld en kwasi-geld gedurende die derde kwartaal van 1975 was in wese dieselfde as gedurende die voorafgaande twee kwartale, d.w.s. dat opmerkbare verdere stygings in die binnelandse kredietverlening, wat slegs gedeeltelik deur dalings in die netto goud- en ander buitelandse reserwes en deur stygings in langtermyndeposito's geneutraliseer is, voortgegaan het om nagenoeg die hele toename in die hoeveelheid geld en kwasi-geld te verklaar. In teenstelling met die ontwikkelings gedurende die voorafgaande drie kwartale, het 'n daling in die seisoensaangesuiwerde netto eise van die banksektor teen die regeringsektor gedurende September egter meegebring dat die toename in bankkrediet aan die private sektor gedurende die derde kwartaal van 1975 aansienlik groter was as dié in netto bankkrediet aan die regeringsektor.

Die daling in die netto goud- en ander buitelandse reserwes was gedurende die derde kwartaal van 1975 aanmerklik kleiner as gedurende die tweede kwartaal. Op dieselfde manier het die langtermyndeposito's van die private sektor by die banksektor gedurende die derde kwartaal in vergelyking met die eerste en tweede kwartale slegs 'n betreklik geringe verdere styging getoon, en gedurende September in werklikheid gedaal.

Bankkrediet

Die seisoensaangesuiwerde jaarcoers van toename in bankkrediet aan die private sektor het gedurende die derde kwartaal van 1975 weer gestyg, toe dit 20 persent beloop het in vergelyking met 16 en 13 persent gedurende die eerste en tweede kwartale van die jaar, onderskeidelik, en 19 persent gedurende die kalenderjaar 1974. 'n Aansienlike deel (R179 miljoen, of ongeveer 45 persent) van die toename van R396 miljoen (nie seisoensaangesuiwerd nie) in die eise van die banksektor teen die private sektor gedurende die derde kwartaal is egter verklaar deur die grotendeels seisoenale styging in die korttermynvoorskotte van die Landbank. Gedurende Julie en Augustus het die grootste deel van die toename in die eise teen die private sektor, met uitsondering van dié van die Landbank, bestaan uit vermeerderde beleggings in effekte van die private sektor deur die handelsbanke.


Gedurende September het die diskanteringe en voorskotte van die handelsbanke, aksepbanke, en monetêre huurkoop- en algemene banke, egter wel 'n aansienlike toename getoon (R173 miljoen). Verskeie faktore kon moontlik tot hierdie ontwikkeling bygedra het. Eerstens kon die vrees vir 'n ophande synde devaluasie van die rand meegebring het dat daar van plaaslike bronne van bankkrediet gebruik gemaak is vir die terugbetaling van handels- en ander buitelandse skulde en vir die „spekulatiewe“ oorpasing van fondse. Tweedens kon verwagtings van verhogings van die pryse van motorvoertuie en ander verbruikersgoedere na die devaluasie bygedra het tot die betreklik groot styging van R19 miljoen in huurkoopkrediet gedurende daardie maand. Laastens kon 'n sekere deel van die toename in huurkoopkrediet en ander soorte banklenings in verband gestaan het met die skerp stygende peil van die verkope van televisiestelle.

Oorsake van veranderinge in geld- en kwasi-geld, 1975



R miljoene

	Seisoensinvloed nie uitgeskakel nie			Seisoensinvloed uitgeskakel		
	1e kw.	2e kw.	3e kw.	1e kw.	2e kw.	3e kw.
Netto goud- en ander buitelandse reserwes	11	-253	-111	-25	-289	-99
Eise teen regeringsektor						
Bruto eise	237	310	178			
Regeringsdeposito's (toename - ,afname +)	-211	176	-123			
Netto eise	26	486	55	312	354	102
Eise teen die private sektor	314	187	396	269	231	383
Langtermyndeposito's (toename - ,afname +)	-50	-229	-24	-100	-123	-36
Netto ander bates	-205	104	48			
Totale oorsake van veranderinge	96	295	364	258	143	367

Veranderings in geld en kwasi-geld



Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld



Oorskot-likwiditeit van bankinstellings

Die oorskot-likwiditeit van monetêre en ander bankinstellings, wat gedurende die tweede kwartaal van 1975 betekenisvol gestyg het en vervolgens gedurende Julie min verdere verandering getoon het, het gedurende Augustus opmerklik gedaal. Nadat dit in September gestyg het, het dit in Oktober weer aanmerklik gedaal.

Die afname in die oorskot-likwiede bates van alle banke van R175 miljoen gedurende Augustus was grotendeels 'n gevolg van verhogings van die vereistes met betrekking tot die banke se besit aan likwiede bates wat op 11 Augustus aangekondig is en vanaf die 21ste van daarde maand van krag geword het. Die opmerklieke herstel van die banke se oorskot-likwiede batebesit gedurende September kan toegeskryf word aan 'n daling in hul totale verpligtings teenoor die publiek vanaf die einde van Julie tot die einde van Augustus, 'n relatiewe verskuiving weg van korttermynverpligtings tussen hierdie twee maandeindes, en 'n toename van meer as R100 miljoen in hul besit aan likwiede bates gedurende September. Laasgenoemde styging in die banke se werklike likwiede batebesit kan onder andere in verband gebring word met vermeerderde netto kredietvoorsiening aan sowel die regerings- as die private sektor deur die Reserwebank en die Nasionale Finansiële korporasie gedurende September.

Die afname van R225 miljoen in die oorskot-likwiede bates van alle bankinstellings gedurende Oktober (waarvan handelsbanke R183 miljoen en alle monetêre bankinstellings R220 miljoen bygedra het) was die netto resultaat van 'n toename van R390 miljoen in hul vereiste likwiede bates en 'n styging van R165 miljoen in hul werklike besit daaraan. Van die toename in die bankinstellings se besit aan vereiste likwiede bates, was die verhoging van die minimum likwiditeitsverhoudings, wat op 30 September aangekondig is en op 21 Oktober van krag geword het, vir 'n bedrag van R266 miljoen verantwoordelik.

Oorskot-likwiditeitsverhoudings van bankinstellings, 1975

	Mrt.	Jun.	Jul.	Aug.	Sept.	Okt.
Handelsbanke	2,4	7,1	6,9	4,6	6,4	3,8
Aksepbanke	0,9	1,1	2,3	0,8	2,4	1,3
Monetêre huurkoop- en algemene banke	-0,6	0,7	0,8	0,8	1,6	0,6
Totaal, monetêre banke:						
Verhouding (%)	1,5	5,0	5,0	3,3	4,9	2,8
Bedrag (Rm)	147	521	513	337	513	293
Nie-monetêre banke	2,3	2,4	1,5	1,8	2,7	1,7
Totaal, alle banke:						
Verhouding (%)	1,6	4,9	4,8	3,2	4,8	2,7
Bedrag (Rm)	157	532	520	345	526	301


Toestand op die geldmark en rentekoerse

Die toestand op die geldmark het gedurende September, Oktober en die eerste helfte van November ruim gebly. Ná die matige vernouing oor die Augustus-maandeinde, waartydens die banke gebruik gemaak het van saldo's

bo hul vereistes wat hulle voorheen by die Nasionale Finansiële korporasie geakkumuleer het, was die banke in staat om hierdie saldo's gedurende September, Oktober en November te verhoog. Die banke se oorskot- saldo's by die Nasionale Finansiële korporasie het op 7 November R406 miljoen beloop. Daggeld by die diskontohuise, wat oor die maandeindes van Augustus en September effens gedaal het, het tot 'n ongeewenaarde hoogtepunt van R679 miljoen op 11 November gestyg.

Die rentekoerse in die geldmark wat ná die verhoging van die Bankkoers van 8,00 na 8,50 persent op 11 Augustus skerp gestyg het, het gedurende Oktober en die eerste helfte van November ietwat gedaal. Die diskontokoers op bankaksepte van drie maande het byvoorbeeld tot 9,00 persent op 3 Oktober gestyg maar vervolgens tot 8,20 persent op 14 November gedaal. Op soortgelyke wyse het die koers op VDS-e van 90 dae, wat op 3 Oktober op 8,70 persent gekwoteer is, tot 7,90 persent op 14 November gedaal. Die skatkiswisselentenderkoers, aan die ander kant, wat onmiddellik ná die verhoging van die Bankkoers tot 6,12 persent gestyg het, het verder gestyg tot 6,84 persent op 24 Oktober en toe marginaal tot 6,82 persent op 7 November gedaal. Ná die verdere verhoging van die banke se likwiede batevereistes wat op 30 September aangekondig is, is die prima-uitleenkoers van die banke op 1 Oktober vanaf 11½ persent na 12 persent verhoog. Sekere depositeurentekoerse is gedurende die eerste week van Oktober deur 'n aantal bankinstellings met 0,5 persent verhoog.

Geldmarkrentekoerse



Staatsfinansies


Skatkisrekening

Gedurende die eerste ses maande van die huidige fiskale jaar, d.w.s. die tydperk April tot September 1975, was die Skatkisrekening gekenmerk deur 'n groot oorskryding van ontvangste deur uitreikings en die mate waarin die regering op die monetêre banksektor moes staatmaak in die finansiering van hierdie tekort. Die groot tekort op die Rekening was gedeeltelik die gevolg van inkomste-invoorders wat laer was as wat verwag is, maar het hoofsaaklik ontstaan omdat uitreikings heelwat meer gestyg het as wat in die Begroting verwag is.


Toename in inkomste laer as Begrotingsverwagtings

Indien belasting en ander inkomste-invoorders gedurende die afgelope ses maande met dié in dieselfde tydperk in 1974 vergelyk word, is dit duidelik dat die

Ontvangstes en uitreikings op die Skatkisrekening



Tekort op die Skatkisrekening



totale toename wat behaal is, naamlik 7½ persent, heel-
 wat laer was as die styging van 12,4 persent wat in die
 Begroting vir die jaar in sy geheel voorsien is. Die
 kleiner as verwagte toename was hoofsaaklik die gevolg
 van werklike dalings in die inkomstebelasting en huur-
 kontrakte betaal deur goddymnmaatskappye. Indien
 hierdie ontvangste buite rekening gelaat word, het
 invorderings gedurende die ses maande met 11,6 persent
 in vergelyking met dieselfde tydperk in 1974 gestyg
 en was slegs ietwat laer as die toename van 12,8 persent
 wat in die Begroting voorsien is. Die kleiner stygings
 as wat verwag is in die ontvangste van binnelandse
 inkomste is in 'n mate geneutraliseer deur hoër as ver-
 wante invorderings van doeanes-, aksyns- en verkoop-
 regte. Hierdie regte het gedurende die ses maande met
 12 persent toegeneem teenoor die groei van 9 persent
 wat vir die fiskale jaar 1975/76 in sy geheel verwag is.

Versnelling van uitreikings op Skatkisrekening

Gedurende die tydperk April tot September 1975 het
 uitreikings op die Skatkisrekening met nie minder nie
 as 48 persent in vergelyking met die ooreenstemmende
 tydperk in 1974 gestyg en gevolglik die 21 persent
 toename wat in die Begroting vir die 1975/76 fiskale
 jaar voorsien is, aanmerklik oorskry. 'n Nadere ontleding
 van gegewens toon dat hierdie aansienlike styging in
 'n groot mate die gevolg was van die vroeëre onttrekking
 van fondse uit die Skatkisrekening deur staatsdeparte-
 mente as wat die geval gedurende 1974 was. Op die In-
 komsterekening was uitreikings onder die Begrotingspos
 Verdediging gedurende die ses-maande tydperk byvoor-
 beeld dubbel die bedrag wat gedurende dieselfde
 tydperk in 1974 aangewra is, en het 54 persent van

begrote uitgawes onder hierdie pos verteenwoordig.
 Die vergelykbare syfer vir 1974 was 33 persent. 'n
 Soortgelyke neiging was op die Leningsrekening waar-
 neembaar, veral met betrekking tot leningsfondse aan
 die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens, die provinsiale
 administrasies en die Landbank. Uitreikings op die
 Skatkisrekening gedurende die ses maande het gevolg-
 lik 51 persent van die totale begrote uitgawes verteen-
 woordig, teenoor 40 persent in 1974. Daar kan der-
 halwe verwag word dat, volgens huidige begrotings-
 ramings, die totale uitreikings gedurende die res van die
 fiskale jaar nie enige wesentliche toename in vergelyking
 met die tweede helfte van die 1974/75 fiskale jaar sal
 toon nie.

Groot tekort op Skatkisrekening in 'n belangrike mate deur bankkrediet gefinansier

Die laer as verwagte groei in invorderings van inkomste
 en die hoër vlak van uitreikings het 'n tekort van nie
 minder nie as R853 miljoen op die Skatkisrekening ge-
 dedurende die eerste helfte van die fiskale jaar tot gevolg
 gehad. Hierdie tekort het in werklikheid die tekort van
 R816 miljoen wat vir die 1974/75 fiskale jaar as geheel
 aangeteken is, oorskry en is veral betekenisvol indien
 dit gesien word teen die oorskot van R67 miljoen wat
 gedurende die eerste helfte van 1974/75 op die Skat-
 kisrekening behaal is. Gedurende Oktober het die
 tekort R206 miljoen bedra vergeleke met 'n tekort van
 R128 miljoen in dieselfde maand van 1974.

Soos dit hier ontleed word, verteenwoordig die Skat-
 kisrekening slegs 'n gedeelte van die regeringsektor.
 Alhoewel die Skatkis se beroep op die banksektor as
 'n bron van finansiering dus mag verskil van dié van
 die regeringsektor in sy geheel, wat onder andere ook

Skatkisfinansies

R miljoene

	1974			1975		
	April- Junie	Julie- Sept.	Totaal	April- Junie	Julie- Sept.	Totaal
Totale netto ontvangste	917	1 509	2 427	1 076	1 573	2 649
Totale netto uitreikings	1 047	1 312	2 359	1 578	1 924	3 501
Totale tekort (-) of surplus (+) (uitgesonderd lenings)	-130	197	67	-502	-351	-853
Finansiering:						
Verandering in netto skuldposisie teenoor:						
Buitelandse sektor	7	17	24	115	29	144
Private nie-banksektor						
Leningsheffings	3	6	9	12	23	36
Ander	-1	-13	-14	63	154	218
Staatskuldkommissarisse en die Departement van						
Pos- en Telekommunikasiewese	49	-62	-13	15	12	27
Betaalmeester-generaal	—	—	—	120	50	170
Sub-totaal	58	-52	6	325	269	594
Monetêre banksektor:						
Verandering in besit aan staatskuldbewyse gehou deur:						
S.A. Reserwebank en NFK	-74	66	-8	-34	139	105
Ander monetêre bankinstellings	-42	-57	-100	277	-66	211
Verandering in skatkissaldo*	188	-154	34	-67	9	-58
Sub-totaal	72	-146	-74	177	82	259
Totale finansiering	130	-197	-67	502	351	853

*Toename —, afname + insluitende netto posdrags op die Staatsskasrekening en na die IMF-reeksaanwysing 1 en 2 suget-quintraestrale rekening.

buitbegrotingsfondse en -liggame en provinsiale administrasies insluit, voorsien 'n ontleiding van die Skatkisrekening ook geëwens oor die ander bronne van finansiering wat deur die regering gebruik word. Gedurende die ses maande onder bespreking het die Skattis 'n netto bedrag aan leningsfondse van R254 miljoen van die private nie-banksektor en R27 miljoen van die Staatskuldkommissarisse verkry. Die Tesourie het ook R170 miljoen van die kontantsaldo's beskikbaar op die Betaalmeestergeneraalrekening sowel as 'n netto bedrag van R144 miljoen van die buitelandse sektor geleen. Totale nie-banklenings het derhalwe R594 miljoen bedra, of 70 persent van die Skattisrekeningtekort, en die Tesourie was genoodsaak om die oorblywende tekort van R259 miljoen deur middel van 'n toename in die Skattis se netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor te finansier. Dit het die vorm aangeneem van 'n toename van R316 miljoen in daardie sektor se besit aan staatskuldbewyse (waarvan die Reserwebank en die NFK R105 miljoen bygedra het) wat gedeeltelik geneutraliseer is deur 'n styging van R58 miljoen in Skattisdeposito's. Aan die einde van September het hierdie deposito's R676 miljoen bedra en het tot R702 miljoen aan die einde van Oktober toegeneem. Slegs R16 miljoen van laasgenoemde bedrag het kontantsaldo's by die Reserwebank verteenwoordig. Die oorblywende gedeelte het bestaan uit saldo's beskikbaar op die Stabilisiererekening (R426 miljoen) en voorskotte van R260 miljoen.

Effekte-uitgifte


Tussen 25 Augustus en 30 September is 'n lantermyn-effekte-uitgifte, teen 'n historiese hoë opbrengskoers van 10 persent, deur middel van die Reserwebank aan beleggers beskikbaar gestel. In totaal is effekte van effens meer as R100 miljoen op hierdie wyse verkoop. Openbare inskrywings vir hierdie uitgifte asook vir 'n mediumtermyn- en 'n korttermynuitgifte is vanaf 1 Oktober deur Tesourie aanvaar. Toe die inskrywingslyste op 8 Oktober gesluit is, het totale aansoek uit alle bronne, insluitende die Staatskuldkommissarisse, R356 miljoen bedra. Aansoek deur die Staatskuldkommissarisse en die Reserwebank het elk R80 miljoen beloop en inskrywings deur ander monetêre bankinstellings het R141 miljoen bedra. Versekerars en pensioenfondse gesamentlik het vir effekte van R25 miljoen aansoek gedoen.

Geen omsettingsgeleenthede is aan die besitters van die twee effekte-uitgites, in totaal R78 miljoen, wat op 1 Oktober die vervaldatum bereik het, gebied nie. Effekte ten bedrae van net meer as R58 miljoen is deur die hele banksektor besit en R30 miljoen deur die Reserwebank. Indien hierdie aflossings in berekening gebring word, is in totaal 'n **netto** bedrag van R123 miljoen van die private nie-banksektor, R175 miljoen van die banksektor en R80 miljoen van die Staatskuldkommissarisse ontvang, wat gesamentlik R378 miljoen beloop het.

Kapitaalmark

Kapitaalmarktoestande, wat na die einde van 1974 ietwat veruim het, het gedurende die derde kwartaal van 1975 effens vernou. 'n Aantal faktore wat 'n vernouende invloed op die mark uitoefen, was geourende die huidige afname in ekonomiese bedrywigheid steeds aanwesig en het gedurende die derde kwartaal belangriker geword. In hierdie verband het die openbare sektor se vraag na fondse op 'n betreklik hoë vlak gebly, lopende besparing is nadelig getref deur die volgehoue hoë koers van inflasie en die betalingsbalans in sy geheel het nie tot die aanbod van fondse bygedra nie. Die maatreëls wat gedurende Augustus en September geneem is om die betalingsbalans te versterk en om die finansiering van owerheidsuitgawes uit besparing aan te moedig, het die bestaan van sodanige vernouende invloede gedurende 'n fase van die konjunkturgolf wat normaalweg deur ruimer marktoestande gekenmerk word, bevestig.

Opbrengskoerse



Toename in opbrengskoerse op vaste-rentedraende effekte

In die mark vir vaste-rentedraende effekte is die opbrengskoerse op langtermynstaatseffekte gedurende Augustus 1975 vanaf 9,5 persent tot 'n nuwe rekord-hoogte van 10 persent verhoog in ooreenstemming met die regering se verklaarde voorneme om sy uitgawes in 'n groter mate uit lopende besparing te finansier. Dit is gevolg deur 'n styging van 0,60 persentasiepunte in die opbrengskoerse op langtermyn-semiprima-effekte tot 'n peil van 11,35 persent gedurende November. Opbrengskoerse op nuwe uitgawes van maatskappyskuldbriewe het gedurende September en Oktober ook 'n nuwe hoogtepunt van tussen 13,38 en 13,50 persent bereik, nadat hulle gedurende die eerste helfte van 1975 vanaf 13,25 tot 13,00 persent gedaal het. Opbrengskoerse op maatskappyskuldbriewe in die sekondêre mark het gedurende Augustus en September in werklikheid effens meer gestyg as die opbrengskoerse op nuwe uitgawes maar het in Oktober weer afgeneem. Ondanks die hoër opbrengskoerse is sommige uitgawes van semiprima-effekte en maatskappyskuldbriewe gedurende Augustus en September nie heeltemal volskryf nie. As gevolg van die vernouing van marktoestande en die hoër koste van lenings, is sommige beplande nuwe uitgawes van plaaslike owerhede uitgestel, afgestel of die bedrag van die uitgifte verminder. Die uitgiftes van middel- en langtermynstaatseffekte wat vroeg in Oktober afgehandel is, was egter redelik suksesvol en 'n bedrag van R296 miljoen is opgeneem.

Netto nuwe uitgawes van bemerkbare vaste-rentedraende effekte deur die openbare sektor, wat gedurende die eerste helfte van 1975 aansienlik toegeneem het, het gedurende die derde kwartaal op 'n hoë vlak gebly en het tot die vernouing van marktoestande gedurende hierdie tydperk bygedra. Die totale opbrengs van sodanige uitgiftes, met die uitsluiting van die toename in leners in die openbare sektor se besit aan hul eie effekte, het gedurende die derde kwartaal R208 miljoen bedra en die totaal vir die eerste drie kwartale was R837 miljoen teenoor R256 miljoen vir die jaar 1974 in sy geheel. Nuwe uitgawes van vaste-rentedraende effekte deur maatskappye in die private sektor het gedurende die derde kwartaal R62 miljoen bedra wat bykans dieselfde as gedurende die eerste helfte van die jaar en op 'n duidelik hoër vlak as gedurende 1974 was. Bykomend tot die toename in lenings in die binnelandse mark, het die sentrale regering en veral die openbare korporasies se leenbedrywighede in buitelandse markte ook op 'n hoë vlak gebly. Die netto buitelandse lenings van die sentrale regering en die openbare korporasies het gedurende die derde kwartaal R236 miljoen bedra en het die totaal vir die eerste drie kwartale van 1975 op R668 miljoen te staan gebring wat reeds die totaal van R596 miljoen vir 1974 in sy geheel, oorskry het.

Afwaartse beweging van aandelepryse

Die styging in rentekoerse en die instelling van meer beperkende monetêre beleidsmaatreels op 'n tydstop toe die volkshuishouding aan die afkoel was, het 'n nederdrukkende invloed op die aandelemark gehad. Aandelepryse het gedurende Augustus gedaal en hierdie

Aandelepryse



afwaartse beweging het gedurende September voortgeduur maar gedurende Oktober het pryse geneig om te stabiliseer. Hierdie afwaartse beweging het 'n ommekeer van die opwaartse beweging van die meeste klasse aandelepryse sedert die einde van 1974 verteenwoordig. Die pryse van nywerheids- en handelsaandele en van finansiële aandele, uitgesonderd finansiële mynaandele, het gedurende Augustus en September onderskeidelik met 13 en 18 persent en gedurende Oktober met 'n verdere 2 persent en 3 persent onderskeidelik gedaal, nadat hulle onderskeidelik met 24 en 29 persent gedurende die eerste sewe maande van 1975 gestyg het. Goudmynaandelepryse en finansiële mynaandelepryse is ook nog nadelig geraak deur die skerp daling in die prys van goud gedurende September en dalings van onderskeidelik 27 persent en 24 persent in gedurende Augustus en September aangeteken, vergeleke met dalings van onderskeidelik 21 persent en 1 persent gedurende die eerste sewe maande van die jaar. Na die devaluasie van die rand teen die einde van September het die pryse van alle mynaandele sowel as finansiële mynaandele egter verstewig. Die pryse van goudmynaandele en finansiële mynaandele het gedurende Oktober met 3 persent en 4 persent onderskeidelik gestyg.

Die aandeleprysbewegings is weerspieël in die dividendopbrengskoerse op alle klasse aandele wat vanaf 7,3 persent in Julie tot 8,5 persent in Oktober gestyg het. As die opbrengskoerse vergelyk word met dié op langtermynstaatseffekte, het die omgekeerde rendementsgaping van ongeveer 2,2 persent in Julie tot 1,5 persent in Oktober vernou, maar was steeds groter

as die vergelykbare syfer van 1,0 persent aan die einde van 1974.

Nuwe fondse wat deur maatskappye wat op die effektebeurs genoteer is, deur middel van die uitgifte van aandele opgeneem is, het gedurende die derde kwartaal op 'n betreklik hoë vlak gebly. Die betrokke bedrag van R54 miljoen het die totaal vir die eerste drie kwartale van 1975 op R228 miljoen te staan gebring, wat aansienlik hoër was as die R56 miljoen wat gedurende 1974 in sy geheel opgeneem is.

met R520 miljoen en R320 miljoen gedurende die tweede en eerste kwartale van 1975 onderskeidelik. Die relatiewe aandeel in die invloeiing van fondse gedurende die derde kwartaal het egter van dié in die tweede kwartaal verskil omdat bouverenigings relatief meer fondse aangetrek het, terwyl bankinstellings die grootste aandeel in die invloeiing gedurende die tweede kwartaal gehad het. Deelnemingsverbandskemas, wat baie min nuwe fondse gedurende die eerste helfte van 1975 aangetrek het, het 'n ietwat groter invloeiing van fondse gedurende die derde kwartaal gehad.

In ooreenstemming met die algemene opwaartse aanpassing van rentekoerse gedurende die derde kwartaal, het bouverenigings gedurende Oktober hul rentekoers op vaste deposito's met 'n looptyd van 2 tot 5 jaar vanaf 9,5 tot 10,0 persent verhoog. Bankinstellings het egter, met die uitsondering van 'n beperkte aantal instellings, nie hul rentekoers op sulke deposito's verhoog nie.


Verruiming van die verband- en vaste eiendomsmark

Die toename in die vloei van fondse na die belangrikste tussengangers in die verbandsmark soos bouverenigings en deelnemingsverbandskemas gedurende die derde kwartaal het gedien om verbandmarktoestande te verruim. Die vraag na nywerheids- en handelsverbande, wat die verlangsaming van ekonomiese bedrywigheid en die beskikbaarheid van onverhuurde kantoorkuimte weerspieël, het beperk gebly, en dit wil voorkom asof bouverenigings in staat was om aan die huidige vraag na huisverhandelings te voldoen. Nuwe verbandvoorskotte wat gedurende die derde kwartaal deur bouverenigings toegestaan is, het R375 miljoen bedra, vergeleke met R284 miljoen in die tweede en R244 miljoen in die eerste kwartaal.

As gevolg van die beter ewewig tussen die vraag en die aanbod in die verbandsmark, het verbandkoerse nie in enige noemenswaardige mate gestyg toe rentekoerse in die algemeen gedurende die derde kwartaal opwaarts geneig het nie. 'n Verandering in die struktuur van die bouverenigings en huisverbandkoerse, ingevolge waarvan 'n stelsel van gedifferensieerde koerse ingestel is, is egter gedurende September aangekondig. In plaas van die vorige eenvormige koers van 10,5 persent op huisverbande, wissel die koers op bestaande sowel as nuwe verbande nou tussen 10,5 en 12,0 persent, afhangelende van die bedrag van die lening en die waarde van die beswaarde eiendom.

Die bedrywigheid in die vaste eiendomsmark wat gedurende die laaste kwartaal van 1974 en die eerste kwartaal van 1975 afgeneem het, het gedurende die tweede kwartaal van 1975 weer toegeneem. Alhoewel gegewens in verband met transaksies in vaste eiendom gedurende die derde kwartaal nog nie beskikbaar is nie, skyn dit asof die vernouing van kapitaalmarktoestande en die matiger vraag na verbande daarop dui dat die bedrywigheid in die vaste eiendomsmark gedurende hierdie kwartaal nie wesenslik verander het nie.

Netto uitgiftes van bemerkbare effekte



Verdere toename in die vloei van langtermynfondse na depositonemende en verwante instellings

Die totale invloeiing van langtermynfondse na sulke belangrike depositonemende instellings soos banke, bouverenigings, deelnemingsverbandskemas en die spaarskemas van die Departement Pos- en Telekommunikasiewese was gedurende die derde kwartaal hoër as gedurende die voorafgaande kwartaal. Die stygende neiging wat sedert die begin van die jaar merkbaar was, het dus voortgeduur gedurende die derde kwartaal toe 'n invloeiing van R548 miljoen aangeteken is, vergeleke